Les 1: Jaloesie

(DIE GROEN OOG MONSTER)

Vlugteling

Doel: Om die kinders bewus te maak hoe 'n slegte eienskap "jaloesie" is en om uit Dawid se lewe te leer hoe om jaloesie te probeer voorkom.

Storie: Vertel die volgende storie (wat kan aangepas word volgens plaaslike omstandighede):

('n Mens kan 2 poppe – een oud en afgeleef en die ander een splinternuut en mooi – gebruik terwyl jy die storie vertel om die kontras visueel uit te beeld.)

Anneke is 'n baie ryk dogtertjie wat al die speelgoed het wat haar hart begeer, maar haar beste maatjie, Michelle het nie so baie geld nie en sy het maar net een pop om mee te speel.

Eendag gaan speel Michelle toe by Anneke en sien al haar baie speelgoed. Sy speel toe tog te lekker, maar toe sy moes huis toe gaan, moes sy al die wonderlike speelgoed agterlaat en met haar enigste, lelike pop by die huis gaan speel. Sy wens in haar hart dat sy ook so baie mooi speelgoed kan hê.

Die volgende keer toe sy by Anneke gaan speel, besef sy toe dat Anneke nooit met al haar speelgoed sal speel nie en sy besluit om een van Anneke se mooiste poppe vir haarself te vat omdat sy nie self so 'n mooi pop het nie. Toe sy en Anneke lekker speel, sit sy die pop stilletjies in haar sak en vat dit later huis toe. Toe Michelle se mamma later haar sak uitpak, kry sy die pop in die sak. Sy het met Michelle geraas en haar gestuur om dit dadelik terug te gee vir Anneke. Gelukkig het Anneke vir Michelle vergewe en hulle was nog maatjies. Michelle het nog gereeld by Anneke gaan speel sonder om jaloers te wees, want Anneke het haar toegelaat om met haar mooiste speelgoed te speel.

Wie van julle weet wat is die "Groen Oog Monster"? Dis wat 'n mens dit noem as iemand jaloers is. In die storie waarna ons nou net geluister het, was Michelle jaloers op Anneke se baie speelgoed.
Wie van julle was al jaloers op iemand anders? Ek dink almal van ons was al een of meer kere jaloers. Miskien net 'n klein bietjie, maar wel.

Hoekom raak julle jaloers? Jou maatjie het dalk "Play station 2" en "wii" en alles wat jy graag wil hê.
Wat is die gevolge van jaloesie?
Is hierdie gevolge goeie of slegte dinge?

Bybelstorie: Ons gaan nou kyk na Dawid se lewe.

Kom ons lees 1 Samuel 18:6-9 uit "Die Bybel vir Almal":
"Nadat Dawid die Filistyn oorwin het, het Saul en sy manne teruggekom, en toe het daar iets gebeur. Die vroue het uit al die stede van Israel na koning Saul toe gekom. Hulle het gesing en gedans en musiek gemaak met tamboeryne en driehoeke. Hulle was vrolik, hulle het gelag en gesing en hulle het gesê: "Saul het duisende manne oorwin, maar Dawid het tienduisende oorwin." Saul het baie kwaad geword, hy het niks daarvan gehou nie. Hy het gesê: "Hulle sê Dawid het tienduisende manne oorwin, maar ek het net duisende oorwin. As hulle so aanhou praat, dan sal hy die koning word in my plek."
Daarom het Saul van daardie dag goed gekyk of Dawid iets verkeerd doen."

Toepassing: Saul was baie jaloers op Dawid omdat Dawid sy troon sou oorneem en ook omdat Dawid so gewild was. Hy wou hom laat doodmaak as gevolg hiervan. Eintlik is Jonatan die een wat nog meer rede gehad het as Saul om jaloers te wees op Dawid, maar hy het gekies om lojaal te wees en dit te aanvaar. Hy het selfs vir Dawid (wat sy goeie vriend was) gewaarsku toe Saul hom wou doodmaak. Ons sien hier die verskil tussen Saul (wat jaloers was op Dawid se gewildheid en wat hom wou doodmaak) en Jonatan (wat vir Dawid die gewildheid gun en wat glad nie jaloers is op Dawid nie).

As jy tevrede is met wat jy het, sal dit help dat jy nie jaloers raak op jou maats nie. Jy moet elke dag vir die Here dankie sê vir alles wat jy het en vir alles wat Hy vir jou gee. Dit sal jou help om nie jaloers te wees nie.

Aktiwiteit: Fotostateer die monstertjie (bl 4) op 'n groen bladsy en gee een vir elke kind. Laat hulle alles waarvoor hulle dankbaar kan wees, neerskryf (op elke segment iets anders). Nadat almal klaar is, verf hulle met verdunde blou of rooi koekkleursel of ink daaroor. Die kleur van die monstertjie sal dan verander en die jaloesie sal simbolies in dankbaarheid verander.

Gebed: Here, help my asseblief om tevrede te wees met alles wat ek het. Dankie vir alles wat U vir my gee en doen. Amen.

Monster vir les 1: